

Die regsadviseurs en ook die Staatspresident het verder nie die voordeel van 'n argument aan beide kante van die saak nie.

### Adviesraad vir Staatspresident

Wat ek ter oorweging wil noem is die moontlikheid dat 'n adviesraad ingestel kan word om die Staatspresident te adviseer oor die besluite wat hy moet neem, naamlik om 'n persoon te begenadig of nie en moontlik om die saak terug te verwys na die verhoorhof om verdere getuieis aan te hoor. So 'n adviesraad kan na my mening funksioneer onder voorsitterskap van die Hoofregter en kan

verder bestaan uit 'n aantal vooraanstaande regsgeleerdes soos afgetrede Appèlregters, regsprofessore en verteenwoordigers van die Balie, asook 'n paar persone met hoë aansien uit die gemeenskap. Die raad kan dan van verdere inligting voorsien word deur die Staatsregsadviseurs en kan ook versoë aanhoor van sowel die regsverteenvoorders van die veroordeeldes as die betrokke prokureur-generaal. Daarna kan die raad 'n (openbare?) aanbeveling doen aan die Staatspresident, wat die finale seggenskap het.

'n Raad soos voorgestel behoort die taak van die Staatspresident aansienlik te vergemaklik en die politieke en ander druk op die Staatspresident

aansienlik te verminder en behoort ook groter tevredenheid by die familie van veroordeeldes en die breë publiek te skep dat die veroordeelde se saak behoorlik oorweeg is.

Indien hierdie idee gunstig oorweeg sou word, sou dit na my mening ook nie nodig wees om enige veranderinge aan die verhoorhove of die Appèlhof se huidige bevoegdheid aan te bring nie. Na my mening sou dit egter noodsaaklik wees dat so 'n raad vir 'n groot komponent bestaan uit vooraanstaande regsgeleerdes ten einde te verseker dat die advies waarmee die Staatspresident gedien word, berus op relevante oorwegings, eerder as politieke of emosionele oorwegings. ■

## W P N Scales se bydrae:

### Stukrag aan debat oor doodstraf

Die artikel deur J P J Coetzer SC getitel "Beskouings oor die Doodstraf" (*Consultus*, Vol 1 No 1) het verdere stukrag aan die belangrike debat oor die doodstraf in Suid-Afrika verleen. Persoonlik gaan ek akkoord met die grootste gedeelte van wat Coetzer geskryf het en in die besonder met sy onderskrywing van regter Van den Heever se voorstel dat die bepaling van straf in moordsake in die geheel aan die diskresie van die hof oorgelaat word. Trouens, ek sou die voorstel steun as eerste stap in die rigting van die afskaffing van die doodstraf.

### Foutiewe teregstellings kan voorkom

Ek vind egter dat ek nie akkoord kan gaan nie met Coetzer se gevolgtrekking dat die risiko van die teregstelling van 'n onskuldige persoon in Suid-Afrika nie bestaan nie of altans dat sodanige risiko uiters skraal is. Ek deel nie Coetzer se vertroue in die voorsorge teen wat hy paslik beskrywe as "die gedagte (van 'n foutiewe teregstelling) wat so verontrustend is dat geen steen hoegenaamd onaanteroer gelaat behoort te word om so iets te voorkom nie".

Dit is belangrik om Coetzer se vertroue in die voorsorge teen 'n foutiewe teregstelling in perspektief te stel. Ek sal dus poog om die kernpunte van sy standpunt uit te lig. Ek



verwys na die volgende aanhalings en stellings:

- "Skrwyer kan met 'n oop gemoed konstateer dat sover sy ervaring en kennis strek (hy was vir baie jare intiem gemoed met halsake - vir tien jaar as Sekretaris/Direkteur-generaal van Justisie) so 'n gevaar nie in Suid-Afrika bestaan nie en mits standaard in die toekoms nie verslap word nie, dit ook nie in die toekoms sal bestaan nie."
- Coetzer verwys voorts na die eerste voorsorg, naamlik die waarborg van 'n sterk regbak en die verdere appèl na die Appèlafdeling, mits die veroordeelde die nodige verloop ontvang.
- Coetzer verwys daarna na die tweede voorsorg, te wete die inwerking-

treding van 'n ander fase op 'n heel ander vlak, naamlik die uitvoerende vlak, en verwysende na die staatsregsadviseurs se rol verklaar hy: "Hulle is ook geroepe om met inagneming van die notule van die hofverrigtinge asook enige verdere stukke wat ingedien is sover as wat menslik moontlik is absoluut seker te maak dat die veroordeelde inderdaad die betrokke misdaad gepleeg het en dat 'n onskuldige persoon dus nie tereggestel word nie."

- "In een bepaalde saak (sover skrywer weet die enigste ooit) was die twyfel oor die aangeklaagde se skuld sodanig dat die doodvonnis deur die Uitvoerende Raad versag en die veroordeelde summier uit die gevangenis vrygelaat is."
- "Ter samevatting: Vanweë die deurtastende en noulettende wyse waarop halsake op uitvoerende vlak oorweeg word en die Minister se bevoegdheid om sodanige sake na die Appèlhof te verwys, bestaan daar, sover skrywer se ervaring strek, menslikerwys geen moontlikheid dat 'n onskuldige persoon in Suid-Afrika tereggestel word nie."

### Situasies waar foutiewe teregstellings moontlik is

Skrwyer wil suggereer dat daar minstens hipotetiese situasies bestaan waar 'n persoon skuldig bevind en ter dood veroordeel kan word waar nóg die voorsorg van 'n sterk regbank, nóg die sorgvuldige heroorweging van die saak deur die regsadviseurs van die Departement van Justisie voldoende sal wees om die ver-

skriklike gevolge van 'n teregstelling van 'n onskuldige te voorkom. Sommige persone kan meen dat hierdie situasies of scenario's wat ek hieronder suggereer, volkome hipoteties is en dit kan vir andere voorkom asof dit ongeregtverdigde kritiek teen die integriteit van die Suid-Afrikaanse Polisie in die algemeen uitmaak. Ek kan net konstateer dat vir skrywer persoonlik en vir verskeie ander praktisyns met ondervinding van halssake, die moontlikheid nie hipoteties is nie, en tweedens dat ek glad nie die integriteit van die Polisiemag in die algemeen wil kritiseer of aanval nie en dat ek trouens groot agting het vir die pogings van die Polisiemag om misdaad in Suid-Afrika te bekamp.

Na aanleiding van bostaande, wens ek drie verskillende situasies voor te stel waar 'n korrupte polisiebeampte of polisieondersoekspan feitlik die skuldigbevinding en terdoodveroordeling van 'n onskuldige persoon sal kan bewerkstellig en nóg die hof nóg die uitvoerende gesag se ondersoek sal die onskuldige beskuldigde kan beskerm, tensy daar deeglik en uiters sorgvuldig na die getuienis gekyk word.\*

### Eerste situasie: bekennisse verkeerdlik toegelaat

Die eerste situasie is waar 'n bekennende deur die beskuldigde gemaak is en daar bevind word dat die bekennende, ondanks bewerings van aanranding of marteling, ingevolge artikel 217 van die Strafproseswet, 51 van 1977, toelaatbaar is. Alhoewel ek geen statistieke het om hierdie bewering te steun nie, wil ek aan die hand doen dat dit die ondervinding van die meeste advokate in ernstige strafsake is dat by die oorgrote meerderheid van bekennende (en ek wil 'n skatting waag van 80 tot 90%) beswaar gemaak word teen toelating daarvan op grond daarvan dat die verklaring deur die beskuldigde afgelê is as gevolg van marteling of hardhandige ondervraging. Waar sodanige bekennende voor 'n landdros herhaal of afgelê is en voor hom onderteken is (gewoonlik waar die

beskuldigde deur die ondersoekbeampte self na die landdros geneem is), berus die bewyslas op die beskuldigde self om die toelaatbaarheid van die bekennende aan te val deur op 'n oorwig van waarskynlikheid te bewys dat die bekennende nie vrywillig en ongedwonge afgelê is nie. Dit kom vreemd voor dat soveel bekennende vrywillig by die polisie afgelê word en dat die beskuldigde daarna 'n ommeswaai maak en by sy verhoor beweer dat die bekennende nie vrywillig gemaak is nie. Dit wil ook op die oog af vreemd voorkom dat 'n beskuldigde in 'n ernstige strafsake, waar hy vermoedelik die moontlikheid of waarskynlikheid van die doodstraf self insien, tog vrywillig sy skuld aan die polisie sou beken.

In vele sake waarin die beskuldigde ter dood veroordeel word, vorm sy erkenning of bekennende 'n kritieke deel van die getuienis waarop die hele Staatsaak gebou word. Voorts, ingevolge die bepaling van artikel 209 van die Strafproseswet, kan 'n bekennende alleen afdoende getuienis wees om die beskuldigde skuldig te bevind en ter dood te veroordeel, indien dit saamgaan slegs met getuienis dat die misdaad inderdaad gepleeg is\*.

### Tweede situasie: getuienis oor uitwysings verkeerdlik toegelaat

Die tweede situasie is waar daar getuienis van erkennings of uitwysings deur die Staat voorgelê is. Dit is die ondervinding dat in die ernstiger strafsake die polisie geneig is om op getuienis van uitwysings staat te maak. Sodanige getuienis bestaan gewoonlik uit foto's van die beskuldigde wat geneem is waar hy op 'n besondere plek staan en na 'n besondere voorwerp of plek wys. Ingevolge die bepaling van artikel 218 van die Strafproseswet is getuienis van sodanige feite, dit wil sê dat die beskuldigde by 'n besondere plek gestaan en 'n besondere uitwysing gemaak het, en dat die moordwapen of wat dit ook al mag wees, daar gevind is, wel toelaatbaar ondanks

die feit dat die saamgaande bekennende of verklaring nie toelaatbaar is nie omdat die hof bevind het dat dit nie vrywillig afgelê is nie. Ek wens weer dieselfde hoë skatting te waag dat in 80 tot 90% van die sake waarin getuienis van uitwysings voorgelê word, die beskuldigde bewerings maak dat sodanige uitwysings onder dwang gemaak is. Dikwels beweer die beskuldigde dat hy aangerand of gemartel is en daarna na 'n bepaalde plek deur die polisie geneem is en dat hy opdrag gegee is om daar te staan en sy vinger in 'n sekere rigting of na 'n voorwerp te wys, terwyl hy gefotografeer word. Gewoonlik beweer die beskuldigde dat hy geen verklaring gedoen of verduideliking gegee het nie, maar nietemin is daar gewoonlik getuienis deur die ondersoekbeampte of ander polisiebeampte ten effekte dat die beskuldigde by 'n besondere plek gestaan het en dat "hy 'n rapport aan my gemaak het" en (byvoorbeeld) "daar het ek die bloedbevleete klere van die oordene gevind" of "die geld wat geroof is, gevind".

### Derde situasie: fabrisering van getuienis

Die derde situasie is waar valse getuienis inderdaad deur die ondersoekspan gefabriseer word. Indien die oneerlike ondersoekbeampte of ondersoekspan bereid is om so ver te gaan om 'n bekennende, erkenning of uitwysing wat by wyse van aanranding of marteling bekom is, voor die hof te plaas, is dit tog moontlik dat hy of hulle 'n stap verder kan gaan om valse getuienis voor te lê. Een geringe *detail* van getuienis *aliunde* kan voldoende wees om 'n bekennende te laat bevestig of 'n hof te oorreed dat die beskuldigde bo redelike twyfel skuldig is.

Waarom sou 'n ondersoekbeampte of 'n ondersoekspan wou lieg of die hof mislei ten einde 'n persoon wat moontlik onskuldig is ter dood te laat veroordeel? Is dit redelik moontlik om te suggereer dat 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie só oneerlik sal wees? Of behels die voorafgaande 'n onverantwoordelike aantyging teen die integriteit van die polisie?

Ten einde hierdie vrae te beantwoord, wens skrywer op die gevaar af van gemeenheid beskuldig te word, twee moontlike motiewe te suggereer:

- Die betrokke ondersoekbeampte of ondersoekspan kan onder druk verkeer (moontlik as gevolg van inter-takkompetiese) om in 'n besonder

\*Wat die hof betref is dit aksiomaties dat die getuienis deeglik oorweeg word, en wat die uitvoerende gesag betref, word die getuienis - ook dit wat na afhandeling van die saak voorgelê is - opnuut op daardie vlak oorweeg ten einde "sover as wat menslik moontlik is absoluut seker te maak dat 'n onskuldige persoon nie tereggestel word nie", aldus Coetzer se artikel op bl 15-16. - Redakteur.

\*\*Daar moet steeds in gedagte gehou word dat voldoende aan een van die twee vereistes (in artikel 209) nie noodwendig genoeg vir skuldigbevinding is nie. Die vereiste van bewys bo redelike twyfel is onvervangbaar (*S v Mbambo* 1975(2) SA 549 (A) 554 C" (Hiemstra, SA *Strafproses*, vierde uitgawe, bl 449)). - Redakteur.

ernstige en laakbare strafsak resultate te verkry;

- Die betrokke ondersoekbeampte of ondersoekspan kan in sy of hulle eie gemoed heeltemal daarvan oortuig wees dat die beskuldigde wel skuldig is, maar gefrustreerd voel dat hy of hulle nie in staat is om die nodige getuienis in die hande te kry nie.

Skrywer wil ook aan die hand doen dat die moontlikheid van so 'n gebeurlikheid nie as heeltemal onwaarskynlik verwerp kan word nie waar, soos reeds gebeur het, die houe bevind het dat 'n polisiebeampte onbetroubaar kan wees en voorts dat 'n senior polisiebeampte wat in beheer van 'n polisie is, eie reg kan gebruik. Miskien is die ware probleem daarin geleë dat "power corrupts and absolute power corrupts absolutely".

## Outomatiese reg van appèl in halsake

Nog 'n voorstel wat deur Coetzer geopper is, is dié van 'n outomatiese reg van appèl vir terdoodveroordeeldes. As verdere voorkomingsmaatreël teen so 'n gebeurlikheid ('n foutiewe teregstelling) doen hy aan die hand dat aan terdoodveroordeeldes 'n outomatiese reg van appèl na die Appèlhof verleen word. Hierdie gedagte is deur die Botha-kommissie verwerp, hoofsaaklik met die oog op die addisionele werk wat so 'n stelsel vir die Appèlhof sal meebring.

Ook hierdie pleidooi van Coetzer wil skrywer sterk steun. Wat Coetzer se gedagte betref dat sodanige appelle in bepaalde gevalle deur die volle hof van die betrokke Provinsia-

le Afdeling aangehoor mag word, wil ek myself vereenselwig met Coetzer waar hy sê:

"Waar halsake betrokke is, behoort die werkklas van die houe in elk geval nie 'n faktor te wees nie."

Alle appelle in halsake behoort dus deur die Appèlhof aangehoor te word.

## Slotsom

Indien een onskuldige persoon ter dood veroordeel en tereggestel sou word, sal die totale regstelsel en almal wat deel daarvan vorm, onder verdenking gebring word. Hoegenaam niks behoort derhalwe ongedaan gelaat te word om foutiewe veroordelings en teregstellings te voorkom nie. ■



*Don't worry this case can only go one of two ways*